# BRAND OP VELD AFDELING

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Skade aan die hele of gedeelte van die Versekerde Eiendom wat deur die Versekerde besit word of waarvoor hulle verantwoordelik is, geleë by die perseel soos in die bylae vermeld deur:

1. brand, weerlig of donderslag, ondergrondse brand of ontploffing, maar uitgesluit skade aan sodanige eiendom wat veroorsaak word deur enige verhittings- of drogingsproses wat dit ondergaan;

2. die opsetlike of voorbedagte of moedswillige daad van enige persoon wat gepleeg word met die doel om sodanige skade te veroorsaak.

## OMSKRYWINGS

**Weidingskapasiteit (WK)** sal beteken die produktiwiteit van die benutbare / weibare gedeelte van 'n homogene vegetasie-eenheid uitgedruk as die oppervlakte benodig om een Grootvee-eenheid (GVE) te onderhou oor 'n aantal jare sonder om agteruitgang van die vegetasie of grond te veroorsaak.

**Skadeloosstellingstydperk (ST)** sal vir die doeleindes van hierdie afdeling beteken die tydperk geselekteer deur die Versekerde, soos in die bylae vermeld, wat die maksimum tydperk verteenwoordig waarvoor vergoeding deur die Maatskappy betaal sal word en wat 'n aanvang neem vanaf die datum van die plaasvind van die Omskrewe Gebeurtenis en eindig nie later nie as die aantal maande daarna in die bylae vermeld teenoor die Skadeloosstellingstydperk.

**Versekerde bedrag** van die Versekerde Eiendom vir die doeleindes van hierdie afdeling sal beteken en soos volg bereken word per perseel in die bylae vermeld:

$$\text{Versekerde bedrag} = \frac{\text{Waarde van GVE}}{\text{WK}} \times \frac{\text{Hektaar van perseel}}{\text{ST}}$$

**Versekerde eiendom** sal beteken natuurlike en aangeplante weiding sowel as oesreste wat die Versekerde se eiendom is of waarvoor hulle verantwoordelik is en wat aangewend word vir die gebruik van diere.

**Grootvee-eenheid (GVE)** sal beteken een dier wat as 'n bees geklassifiseer kan word met 'n massa van 450kg en wat 0.5kg per dag gewigstoename kan toon op weiding met 'n verteerbare energie persentasie van 55%.

**Waarde van GVE** sal beteken die beraamde gemiddelde Rand markwaarde van een kommersiële GVE ten tye van die inwerkingtreding van die huidige versekeringstydperk.

## EISESKIKKINGSGRONDSLAG

In die geval van 'n eis wat volg op 'n versekerde Omskrewe Gebeurtenis, sal die skikkingsgrondslag deur die Maatskappy soos volg bereken word:

1. Die redelike en noodsaaklike koste van voer wat aangekoop word om enige verlore Weidingskapasiteit (WK) van die Versekerde Eiendom te vervang of te subsidieer;
2. vir 'n tydperk van hoogstens die skadeloosstellingstydperk;
3. vir 'n bedrag van hoogstens die Versekerde Bedrag wat in die bylae vermeld word;
4. minus die eerste bedrag betaalbaar wat in die bylae vermeld word
5. verder verminder deur die berekeningsom van die eweredigheidsvoorwaarde.

## SPESIFIEKE VOORWAARDES

### Eweredigheid

Indien die Versekerde Eiendom by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur enige Omskrewe

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

Gebeurtenis waarteen dit verseker is, gesamentlik meer werd is as die Versekerde Bedrag daarvan, word die Versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die skade. Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

## Eise-aanmelding

Nieteenstaande enigiets teenstrydig vervat in Algemene Voorwaardes 6, is die Versekerde verantwoordelik vir die aanmelding van enige versekerde skades aan die Maatskappy binne 3 (drie) dae na sodanige skade plaasgevind het en om besonderhede te verstrek van enige ander versekering wat sodanige gebeurtenisse dek as wat hierdeur verseker word.

## Nasionale Wet op Veld- en Bosbou

Dekking is onderhewig aan die Versekerde se nakoming van die bepalings van die Nasionale Wet op Veld- en Bosbou, Wet 101 van 1998 (soos mettertyd gewysig) asof in hierdie polis vervat. Die Versekerde moet aan 'n aktiewe Brandbestrydingsvereniging (BBV) behoort, of alternatiewelik aan 'n Boerevereniging (BV) indien geen BBV bestaan nie.

## Minimum premie ten tye van kansellasie deur die Versekerde

Indien die Versekerde versoek dat hierdie afdeling gekanselleer moet word (of dat 'n item in hierdie afdeling geskrap moet word) in die middel van die versekeringstydperk en die metode van premiebetaling is eenmalig per jaar, sal sodanige premie geag word die minimum premie te wees en hierdie afdeling sal gekanselleer word (of die item sal geskrap word) sonder enige terugbetaling van premie.

Indien die betalingsmetode maandeliks per debietorder is, sal dekking staak soos versoek, maar die afdeling (of item) sal aktief bly op die polis tot en met die volgende jaarlikse hernuwingsdatum om voorsiening te maak vir die vordering van die oorblywende gedeelte van die premie, synde dit 'n vereiste is dat die minimum premie gelykstaande is aan 12 maande se premie vanaf die vorige jaarlikse hernuwingsdatum van die polis.

## Voorsorgmaatreëls

Redelike en deeglike voorsorgmaatreëls moet in plek wees vir die voorkoming/beheer van brande. 'n Brandvrye strook van ten minste 15m wyd moet ten alle tye rondom wooneenhede en asgate op die versekerde plaas of perseel gemaak word.

## Wagtydperk

Met die ontvangs van die eerste instruksie om hierdie afdeling vir die eerste keer uit te reik of met instruksie om hierdie afdeling te herstel na 'n vorige kansellasie van dekking, sal daar 'n 7-dag wagtydperk wees alvorens dekking in werking tree. Sodanige tydperk sal onverseker bly en enige Omskrewe Gebeurtenis wat in sodanige tydperk mag begin en voortduur na die 7-dag wagtydperk, sal in die geheel onverseker bly.

# SPESIFIEKE UITSLUITINGS

Hierdie afdeling dek nie:

1. skade veroorsaak deur of toegeskryf aan of wat ontstaan uit of as gevolg van vulkaniese uitbarstings of ander natuurontwrigting nie;
2. die werklike waarde, fisiese toestand of kwaliteit van die weiding;
3. verlies van produksiewaarde as gevolg van sekondêre skade of vertraagde groei wat mag intree as gevolg van enige oorsaak hoegenaamd;
4. brandstigting deur die Versekerde of enige iemand wat namens hulle optree of met hulle medewete of toestemming;
5. skade aan Versekerde Eiendom wat nader as vyf (5) kilometer vanaf die volgende is:
   - 5.1 enige Nasionale paaie (N-paaie);
   - 5.2 Gemeenskaplike grond;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

5.3 die naaste grens van 'n buurland;

5.4 enige woonbuurte;

5.5 enige informele nedersettings.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge